Remgro
Beperk

*Remgro belê in ondernemings wat voortreflike groei in verdienste en dividende oor die lang termyn kan voorsien. Dit behels die verkryging van betekenisvolle belange in maatskappye wat goeie bestuur het en wat oor die vermoë beskik om sterk kontantopbrengste en groei voort te bring. Remgro gaan strategiese verbintenisse op 'n vennootskapsgrondslag aan en beywer hom om, waar moontlik, waarde toe te voeg. Die doel is om uitmuntende opbrengste in die vorm van dividendvloei en kapitaalgroei vir aandeelhouers te verseker.*